# FILLOKSERABEHEER IN KWEKERYE:
## HOEKOM EN HOE?

### WAT IS FILLOKSERA?

**Filloksera (*Daktulosphaira vitifoliae*) is 'n baie klein tipe plantluis wat slegs op wingerd (*Vitis* spesies) voorkom en nie met die blote oog sigbaar is nie. In Suid-Afrika kom dit hoofsaaklik op wingerdwortels voor, maar by vatbare onderstokke kom dit ook in galle aan die onderkant van die blare voor (Fig. 1).**



Fig. 1. Kenmerkende galle aan onderkante van blare.

### *Simptome*

Kenmerkende haakvormige galle vorm op fyn wortels waar filloksera voed (Fig. 2 & 3). Dit verswak die wortelstelsel en het 'n ernstige impak op die stok se prestasie. Erg besmette stokke vrek mettertyd. Die insek oorwinter op wingerdwortels as eerste instar larwes wat selfs onder 'n mikroskoop moeilik sigbaar is.

### *Verspreiding*

Filloksera verkies grond met 'n swaarder tekstuur (<60% sand). Die plaag versprei deur besmette plantmateriaal (veral oorwinterende larwes) en deur besmette grond wat aan implemente, voertuigbande of skoene vaskleef.



Fig. 2. Haakvormige galle op fyn wortels waar filloksera voed.




Fig. 3. Filloksera op wortelgal.

## *Hoekom moet filloksera beheer word?*

- Onderstokke se weerstand teen filloksera is nie absoluut nie. Lae getalle filloksera kan op weerstandbiedende onderstokke voortbestaan. Solank die onderstok onder optimale toestande sterk groei, kan dit selfs hoë getalle filloksera weerstaan sonder nadelige effekte op die stok. Indien toestande egter sub-optimaal word (teenwoordigheid van aalwurms, hitte of droogte stres, versuipte grond), verswak die weerstand en filloksera kan die oorhand kry.
- Indien nuwe wingerd op vatbare onderstokke in besmette grond geplant word, kan filloksera die jong stokke laat vrek.

## *Hoe word die teenwoordigheid van filloksera bepaal?*

- Inspekteer fyn wortels vir die teenwoordigheid van galle gedurende die somer (Desember tot Februarie) wanneer fillokseragetalle en galle op hul meeste is. Stuur 'n monster na 'n kenner om die teenwoordigheid van filloksera m.b.v. 'n mikroskopiese ondersoek te bevestig.
- Vatbare onderstokkultivars ontwikkel kenmerkende blaargalle (Fig. 1) waarin filloksera wyfies, larwes en eiers onder 'n mikroskoop sigbaar is.

## *Hoe om filloksera in kwekerye te beheer*

- Beheer filloksera in wingerde wat onderstokmateriaal aan kwekerye verskaf. Sistemiese middels vir witluisbeheer sal ook filloksera beheer.
- Inspekteer stokkies in kwekerye (bv. Inlêgrond) en stuur wortel- en grondmonsters na 'n kenner om te bepaal of die stokkies of grond met filloksera besmet is.
- Sistemiese middels kan as grondbehandelings toegedien word om te verhoed dat witluis en filloksera die plantmateriaal besmet.
- Onthou, jong stokkies kan met filloksera besmet wees al is daar nie sigbare galle op die wortels nie.

**Verdere navrae:** Skakel Dr Elleunorah Allsopp by 021 809 3007 of allsoppe@arc.agric.za

ARC • LNR
Excellence in Research and Development

ARC Infruitec-Nietvoorbij
Private Bag X5026
Stellenbosch
7599